DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. R. …. Datum …

PADONGELUKFONDSWET, 1996

PADONGELUKFONDSREGULASIES, 2008

Die Minister van Vervoer het, kragtens artikel 26 van die Padongelukfondswet, 1996 (Wet No. 56 van 1996) die Regulasies in die Bylae hiertoe uitgevaardig.

DRAFT

BYLAE

1 Definisies

In hierdie Regulasies, tensy die konteks andersins aandui, beteken–

(i) "appéltribunaal" die tribunaal saamgestel in terme van regulasie 3(8);

(ii) "AMA Guides" die American Medical Association se *Guides to the Evaluation of Permanent Impairment*, Sesde Uitgawe, of sodanige uitgawe daarvan as wat die Fonds van tyd tot tyd in die *Staatskoerant* kennis van mag gee;

(iii) “dag” enige dag anders as ‘n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag;

(iv) “ernstige besering assesseringsverslag“ ‘n behoorlike voltooide vorm, RAF4, hiertoe aangeheg as aanhangsel D, of sodanige wysiging of vervanging daarvan as wat die Fonds van tyd tot tyd in die Staatskoerant kennis van mag gee;

(v) “fiskale jaar” die tydperk beginnende op die eerste dag van Maart van ‘n gegewe jaar en eindigende op die laaste dag van Februarie van die daaropvolgende jaar;

(vi) “geneesheer” ‘n persoon geregistreer as sodanig kragtens die Wet op Gesondheidsberoepe, 1974 (Wet No. 56 van 1974);

(vii) “geskilbeslegtingsvorm” ‘n behoorlike voltooide vorm RAF5, hiertoe aangeheg as aanhangsel E, of sodanige wysiging of vervanging daarvan as wat die Fonds van tyd tot tyd in die Staatskoerant kennis van mag gee;

(viii) “gesondheidspraktisyn” ‘n praktisyn van enige professie registreerbaar ingevolge die Wet op Gesondheidsberoepe, 1974 (Wet No. 56 van 1974);

DRAFT

(ix) “gesondheidsorgverskaffer” ‘n “health care provider”, soos gedefinieer in die "National Health Act", 2003 (Wet No. 61 van 2003);

(x) “Registrateur” die Registrateur van die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika daargestel ingevolge artikel 2 van die Wet op Gesondheidsberoepe, 1974 (Wet No. 56 van 1974).

2 Verdere voorsiening vir aanspreeklikheid van Fonds ingevolge artikel 17(1)*(b)*

(1) *(a)* ‘n Eis vir skadevergoeding verwys na in artikel 17(1)*(b)* van die Wet moet aan die Fonds gestuur of gelewer word, ooreenkomstig die bepalings van artikel 24 van die Wet, binne twee jaar vanaf die datum waarop die eisoorsaak ontstaan het.

(b) 'n Reg om skadevergoeding van die Fonds te eis kragtens artikel 17(1)*(b)* van die Wet ten opsigte van verlies of skade voortspruitende uit die bestuur van 'n motorvoertuig in die geval waar die identiteit van nòg die eienaar nòg die bestuurder daarvan vasgestel is, verjaar by verstryking van 'n periode van twee jaar vanaf die datum waarop die eisoorsaak ontstaan het, tensy 'n eis ingevolge paragraaf *(a)* ingedien is.

DRAFT

(c) In die geval waar 'n eis ingevolge paragraaf *(a)* ingedien is verjaar so 'n eis nie voor die verstryking van 'n periode van vyf jaar vanaf die datum waarop die eisoorsaak ontstaan het nie.

(2) Nieteenstaande enigiets tot die teendeel in enige wet moet 'n eis vir skadevergoeding verwys na in artikel 17(1)*(b)* van die Wet aan die Fonds gestuur of gelewer word binne twee jaar vanaf die datum waarop die eisoorsaak ontstaan het ongeag enige regsbelemmernis waaraan die betrokke derde party onderhewig mag wees.

3 Assessering van ernstige besering ingevolge artikel 17(1A)

(1) *(a)* 'n Derde party wat vergoeding vir nie-geldelike verlies wil eis, moet homself of haarself onderwerp aan 'n assessering deur 'n geneesheer ooreenkomstig hierdie Regulasies.

(b) Die geneesheer moet assesseer of die derde party se besering ernstig is, ooreenkomstig die volgende metode:

(i) Die Minister mag, na oorleg met die Minister van Gesondheid, 'n lys van beserings in die Staatskoerant publiseer welke beserings vir doeleindes van artikel 17 van die Wet nie beskou word as ernstige beserings nie en geen besering moet assesseer word as ernstig indien daardie besering voldoen aan die beskrywing van 'n besering wat op die lys verskyn nie.

DRAFT

(ii) Indien die besering 30 persent of meer "Impairment of the Whole Person", veroorsaak het, soos voorsien in die AMA Guides, moet die besering as ernstig assesseer word.

(iii) ‘n Besering wat nie 30 persent of meer "Impairment of the Whole Person" veroorsaak het nie, mag slegs as ernstig assesseer word indien daardie besering:

(aa) ‘n ernstige, lang-termyn aantasting of verlies van ‘n liggaamlike funksie veroorsaak het;

(bb) neerkom op permanente ernstige ontsiering;

(cc) ‘n hewige, lang-termyn verstandelike of 'n hewige lang-termyn gedragsteurnis of gedragsaandoening veroorsaak het; of

(dd) die verlies van ‘n fetus veroorsaak het.

(iv) Die AMA Guides moet deur die geneesheer toegepas word ooreenkomstig operasionele riglyne of wysigings, indien enige, gepubliseer deur die Minister van tyd tot tyd deur kennisgewing in the Staatskoerant.

DRAFT

(v) Nieteenstaande enigiets tot die teendeel vervat in die AMA Guides, mag tydens die assessering van die graad van aantasting, geen syfer aangedui in die AMA Guides op- of afgerond word nie, ongeag of die syfer 'n aanvanklike, 'n intermediêre, 'n gekombineerde of 'n finale waarde verteenwoordig, tensy die ronding uitdruklik vereis of gemagtig word deur die riglyne uitgereik deur die Minister.

(2) *(a)* Tensy anders bepaal in hierdie Regulasies, word die koste van ‘n assessering slegs deur die Fonds of ‘n agent gedra indien die derde party se besering bevind word ernstig te wees en die Fonds of die agent oorhoofse aanspreeklikheid ingevolge die Wet opdoen.

(b) Die Fonds of ‘n agent mag, op sy koste, op versoek van ‘n derde party, aan die derde party die dienste beskikbaar stel van, of, alternatiewelik, die derde party verwys na–

(i) ‘n geneesheer vir doeleindes van ‘n assessering ooreenkomstig hierdie regulasie; en

(ii) ‘n gesondheidsorgverskaffer vir doeleindes van insameling en sortering van inligting om so ‘n assessering te fasiliteer

indien die Fonds besluit dat daar 'n redelike vooruitsig is dat 'n geneesheer die besering as ernstig sal assesseer en die derde

DRAFT

party nie oor genoegsame fondse beskik om die assessering te bekom nie.

(3) *(a)* 'n Derde party wie se besering assesseer is in terme van hierdie Regulasies moet van die geneesheer ‘n ernstige besering assesseringsverslag bekom.

(b) 'n Eis vir vergoeding vir nie-geldelike verlies in terme van artikel 17 van die Wet moet ooreenkomstig die Wet en hierdie Regulasies ingedien word, met dien verstande dat:

(i) die ernstige besering assesseringsverslag apart na die indiening van die eis te enige tyd voor die verstryking van die periodes vir die indiening van die eis voorgeskryf in die Wet en hierdie Regulasies ingedien mag word; en

(ii) Waar maksimale mediese verbetering ("maximal medical improvement"), soos voorsien in die AMA Guides, ten opsigte van die derde party se besering, nog nie bereik is nie en waar die periodes vir die indiening van 'n eis voorgeskryf deur die Wet en hierdie Regulasies sal verstryk voordat sodanige verbetering bereik sal word, moet die derde party nieteenstaande enigiets tot die teendeel vervat in die AMA Guides, homself of haarself onderwerp aan 'n assessering en 'n eis instel voor die verstryking van die relevante periode.

DRAFT

(c) Die Fond of 'n agent sal slegs verplig wees om 'n derde party vir nie-geldelike verlies soos voorsien in die Wet te vergoed indien die eis ondersteun word deur 'n ernstige besering assesseringsverslag ingedien ooreenkomstig die Wet en hierdie Regulasies en indien die Fonds of 'n agent tevrede is dat die besering korrek assesseer is as ernstig in terme van die metode voorsien in hierdie Regulasies.

(d) Indien die Fonds of 'n agent nie tevrede is dat die besering korrek assesseer is nie, moet die Fonds of 'n agent:

(i) die ernstige besering assesseringsverslag verwerp en die redes vir die verwerping aan die derde party verskaf; of

(ii) die derde party beveel om homself or haarself te onderwerp, op die koste van die Fonds of 'n agent, aan 'n verdere assessering om vas te stel of die besering ernstig is, in terme van die metode uiteengesit in hierdie Regulasies, deur 'n geneesheer aangewys deur die Fonds of 'n agent.

(e) Die Fonds of 'n agent moet òf die verdere assessering aanvaar òf die verdere assessering betwis op die manier voorsien in hierdie Regulasies.

DRAFT

(4) Indien die derde party die verwerping van die ernstige besering assesseringsverslag wil betwis of in die geval waar of die derde party of die Fonds of ‘n agent ’n assessering uitgevoer deur ‘n geneesheer ingevolge hierdie Regulasies wil betwis, moet die disputant:–

(b) binne 90 dae na die verwittiging van die verwerping of die assessering, die Registrateur in kennis stel dat die verwerping of die assessering betwis word, deur ’n geskilbeslegtingsvorm in te dien by die Registrateur;

(c) in sodanige kennisgewing die gronde uiteensit waarop die verwerping of assessering betwis word en sodanige voorleggings, mediese verslae en opinies insluit as waarop die disputant wil steun; en

(d) as die disputant die Fonds of ‘n agent is, alle beskikbare kontakbesonderhede aangaande die derde party verskaf.

(5) *(a)* Indien daar nie aan die Registrateur kennis gegee word dat die verwerping of die assessering betwis word op die manier en binne die tydsperiode voorsien in subregulasie (4) nie, word die verwerping of die assessering finaal en bindend tensy die disputant 'n aansoek om kondonasie indien by die Registrateur, asook stuur of aflewer aan die ander party tot die dispuut.

DRAFT

(b) 'n Geskrewe antwoord op die aansoek om kondonasie mag ingedien word by die Registrateur binne 15 dae na ontvangs van die aansoek om kondonasie en 'n repliek hierop mag binne 10 dae ingedien word.

(c) Elke aansoek om kondonasie, antwoord en repliek moet–

(i) duidelik en bondig en ter sake wees;

(ii) regverdiglik al sodanige inligting verskaf as wat nodig is om die appèltribunaal in staat te stel om die aansoek te beslis; en

(iii) met die meriete van die dispuut handel slegs in sover dit nodig is ter verduideliking en ondersteuning van die gronde vir of teen kondonasie.

(d) Die Registrateur moet die aansoek om kondonasie tesame met enige antwoord en repliek verwys na die appèltribunaal.

(e) Die appèltribunaal kan by oorweging van die aansoek om kondonasie die voorlegging verg van–

(i) verdere informasie; en

(ii) enige addisionele dokumentasie;

en die betrokke party moet die aangevraagde verdere informasie en dokumente by die Registrateur indien binne die tydperk deur die appèltribunaal bepaal.

DRAFT

(f) Indien enige van die partye nalaat om aan die aanwysing deur die appèltribunaal gegee te voldoen, kan die tribunaal die aansoek in sy onvolledige vorm afhandel sonder inagneming van die gevergde verdere informasie of dokumente.

(g) Die appéltribunaal moet besluit of laat kennisgewing kondoneer word of nie en die partye dienooreenkomstig in kennis stel.

(h) Indien laat kennisgewing nie kondoneer word nie word die assessering finaal en bindend.

(6) Die Registrateur moet binne 15 dae vanaf kennisgewing van ‘n dispuut in terme van subregulasie (4), of nadat kondonasie gegee is aan 'n disputant in terme van subregulasie (5), die ander party skriftelik verwittig van die dispuut en afskrifte van alle voorleggings, mediese verslae en opinies voorgelê deur die disputant aan die ander party verskaf.

(7) Na verwittiging in terme van subregulasie (7), mag die ander party–

(a) skriftelik en binne 60 dae aan die Registrateur kennis gee welke voorleggings, mediese verslae en opinies voorgelê in dispuut geplaas word; en

(b) tot sodanige kennisgewing die voorleggings, mediese verslae en opinies aanheg waarop gesteun word.

DRAFT

(8) *(a)* Na ontvang van die kennisgewing van die ander party of die verstryking van die 60 dae periode, vervat in subregulasie (6), moet die Registrateur die dispuut verwys vir oorweging deur ‘n appèltribunaal deur die Fonds voor betaal.

(b) Die appéltribunaal bestaan uit drie onafhanklike geneeshere met deskundigheid op die gepaste terreine van geneeskunde, aangestel deur die Registrateur, wie een van hulle moet aanwys as die voorsittende beampte van die appèltribunaal.

(c) Die Registrateur kan ‘n addisionele onafhanklike gesondheidspraktisyn met deskundigheid in enige gepaste gesondheidsberoep aanstel om die appèltribunaal in ‘n adviserende hoedanigheid by te staan.

(9) *(a)* Die Registrateur moet skriftelik beide partye tot die dispuut verwittig wie die persone is wat hy of sy aangestel het ingevolge subregulasie (8).

(b) (i) Indien 'n party tot die dispuut veronreg is deur enige een of meer van die aanstellings deur die Registrateur gemaak ingevolge subregulasie (8), moet sodanige party binne 10 dae 'n skriftelike motivering wat die gronde uiteensit waarop die

DRAFT

party teen 'n aanstelling beswaar maak, aan die Registrateur en die ander party lewer.

(ii) Die ander party tot die dispuut mag skriftelik antwoord binne 10 dae deur aan die Registrateur en aan die veronregte party 'n antwoord te lewer.

(iii) Die Registrateur mag, by ontvangs van 'n skriftelike motivering, en antwoord daarop, indien enige, òf die aanstelling gemaak ingevolge subregulasie (8) bevestig òf enige een of meer van die aanvanklike aanstellings gemaak vervang, en sodanige beslissing deur die Registrateur is finaal.

(10) *(a)* Indien dit vir die meerderheid van die lede van die appèltribunaal voorkom dat ‘n aanhoring vir die doel van die oorweging van regsargumente geregverdig mag wees, moet die voorsittende beampte van die appèltribunaal die Registrateur dienooreenkomstig skriftelik en met opgawe van redes, in kennis stel.

(b) Wanneer die Registrateur die kennisgewing ontvang, moet hy of sy die voorsitter van die balieraad, alternatiewelik die voorsitter van die prokureursorde, van die betrokke jurisdiksionele gebied, versoek om ‘n advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika, of 'n prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika, met ten minste vyf jaar se praktyksondervinding, aan te stel.

DRAFT

(c) Die advokaat of prokureur, sodra aangestel, moet die redes gegee aan die Registrateur oorweeg en moet binne 10 dae na sy of haar aanstelling ‘n skriftelike aanbeveling maak of 'n aanhoring geregverdig is.

(d) Die appèltribunaal moet die aanbeveling gemaak deur die advokaat of prokureur oorweeg en daarna ‘n skriftelike beslissing maak oor of die aard van die dispuut sodanig is dat dit ‘n aanhoring vir die doel van die oorweging van regsargumente regverdig.

(e) Indien die appèltribunaal beslis dat ‘n aanhoring geregverdig is, moet die aangestelde advokaat of prokureur voorsit tydens die verhoor en moet die Registrateur–

(i) die partye tot die dispuut verwittig dat ‘n aanhoring gehou sal word op ‘n plek en tyd bepaal deur die aangestelde advokaat of prokureur;

(ii) die partye verwittig dat hulle geregtig is op regsverteenwoordiging, op hulle eie koste, tydens die aanhoring en om die regsargumente aan te bied by die aanhoring;

DRAFT

(iii) die partye in kennis stel van enige addisionele prosedures deur die advokaat of prokureur aanvaar wat aangestel is om by die aanhoring voor te sit.

(f) Die aangestelde advokaat of prokureur moet binne 10 dae na afsluiting van die aanhoring skriftelike aanbevelings aan die appèltribunaal maak in verband met die regskwessies wat uit die aanhoring voortgespruit het.

(g) Die appèltribunaal moet die aanbevelings gemaak deur die gemelde advokaat of prokureur oorweeg en daarna ‘n skriftelike beslissing maak oor die regskwessies.

(h) Indien die appèltribunaal ingevolge paragraaf *(d)* beslis dat die aard van die dispuut nie ‘n aanhoring regverdig nie of, indien dit beslis dat ‘n aanhoring geregverdig is, sodra die regskwessies wat uit die aanhoring voortspruit ingevolge paragraaf *(g)* beslis is, kom die funksies van die aangestelde advokaat of prokureur tot ‘n einde en die appèltribunaal mag daarna enige van die magte beoog in subregulasie (11) uitoefen.

(11) Die appèltribunaal het die volgende magte:

(a) Gelas dat die derde party, op die koste van die Fonds of 'n agent, homself of haarself onderwerp aan 'n verdere assessering ten einde

DRAFT

vas te stel of die besering ernstig is, in terme van die metode uiteengesit in hierdie Regulasies, deur 'n geneesheer deur appéltribunaal aangewys.

(b) Gelas, by nie minder nie as vyf dae skriftelike kennisgewing, dat die derde party homself of haarself in persoon aan die appèltribunaal presenteer op 'n plek en tyd aangedui in die gemelde kennisgewing en die derde party se besering ondersoek en assesseer of die besering ernstig is in terme van die metode uiteengesit in hierdie Regulasies.

(c) Gelas dat verdere mediese verslae verkry en voor die appèltribunaal geplaas moet word deur een of meer van die partye.

(d) Gelas dat relevante pre- en post-ongeluk mediese, gesondheids- en behandelingsrekords met betrekking tot die derde party verkry word en aan die appèltribunaal beskikbaar gemaak word.

(e) Gelas dat verdere voorleggings gemaak moet word deur een of meer van die partye en die tydsraam bepaal waarbinne sodanige verdere voorleggings voor die appèltribunaal geplaas moet word.

(f) Weier om die dispuut te besleg totdat 'n party voldoen aan enige lasgewing in paragrawe (a) tot (e) hierbo.

DRAFT

(g) Beslis of in sy meerderheidsopinie die betrokke besering ernstig is in terme van die metode uiteengesit in hierdie Regulasies.

(h) Bevestig die assessering van die geneesheer of vervang die betwiste assessering met sy eie assessering indien die meerderheid van die lede van die appèltribunaal van mening is dat dit gepas is om te vervang.

(i) Bevestig die verwerping van die ernstige besering assesseringsverslag deur die Fonds of 'n agent of aanvaar die verslag, indien die meerderheid van die lede van die appéltribunaal van mening is dat dit gepas is om die ernstige besering assesseringverslag te aanvaar.

(12) Tensy daar nie aan 'n aanwysing in terme van subregulasie 11*(a)* tot *(e)* voldoen is, moet die appèltribunaal binne 90 dae vanaf die verwysing van die dispuut in terme van subregulasie (8) of sodanige addisionele periode as wat die Registrateur op aansoek van die appèltribunaal skriftelik mag magtig, aan die Registrateur kennis gee van sy bevindings.

(13) Die Registrateur moet die partye verwittig van die bevindinge van die appéltribunaal, welke bevindinge finaal en bindend sal wees.

(14) *(a)* Die Fonds moet die redelike koste van die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika voortspruitende uit

DRAFT

subregulasies (4) tot (13) dra, soos ooreengekom tussen die Fonds en die gemelde Raad, of, by gebrek aan sodanige ooreenkoms, soos bepaal deur die Minister na oorlegpleging met die Minister van Gesondheid.

(b) Die Fonds moet die redelike fooie en uitgawes, soos bepaal of goedgekeur deur die Fonds, van die persone aangestel kragtens subregulasies (8) en (10)*(b)* dra.

4 Verdere voorsiening ten opsigte van eis vir verlies aan inkomste of onderhoud ingevolge artikel 17(4)*(c)*

Wanneer die jaarlikse verlies aan inkomste of onderhoud verwys na in artikel 17(4)*(c)* van die Wet proporsioneel bereken word, word sodanige verlies bereken per fiskale jaar.

5 Mediese tariewe ingevolge artikel 17(4B)

(1) Die aanspreeklikheid van die Fonds of 'n agent beoog in artikel 17(4B)*(a)* van die Wet word bepaal ooreenkomstig die Eenvormige Pasiëntfooiskedule vir fooie betaalbaar aan openbare gesondheidsinrigtings deur volbetalende pasiënte, voorgeskryf kragtens artikel 90(1)*(b)* van die Nasionale Gesondheidswet, 2003 (Wet No. 61 van 2003), soos hersien van tyd tot tyd.

DRAFT

(2) Die aanspreeklikheid van die Fonds of 'n agent beoog in artikel 17(4B)*(b)* van die Wet word bepaal ooreenkomstig die tarief wat die Fonds van tyd tot tyd in die *Staatskoerant* kennis van mag gee en sodanige tarief sal slegs geld in geval van die onmiddellike, toepaslike en regverdigbare mediese evaluering, behandeling en sorg benodig in 'n noodsituasie ten einde die persoon se lewe of liggamsfunksies, of beide, te red,

(3) Die aanspreeklikheid van die Fonds of ‘n agent in omstandighede anders as beoog in subregulasies (1) en (2), insluitende maar nie beperk nie tot die koste van veranderings aan ‘n gebou of perseel, of aanpassing van ‘n motorvoertuig, word gebaseer op enige redelike kwotasie hetsy voorgelê aan of bekom deur die Fonds of 'n agent.

6 Verdere voorsiening vir prosedureaangeleenthede beoog in artikel 24

(1) Enige verwysing in artikel 24(1)*(b)* van die Wet na die Fonds se hoof-, tak- of streekskantoor, of na ‘n agent se geregistreerde kantoor of plaaslike takkantoor, verwys vir die doeleindes van voldoening aan daardie artikel na sodanige hoof-, tak- of streekskantoor van die Fonds, of geregistreerde kantoor of plaaslike takkantoor van ‘n agent, na gelang van die geval,–

(a) wat geleë is naaste aan die plek waar die voorval plaasgevind het waaruit die eis voortgevloei het; of

DRAFT

(b) wat geleë is naaste aan die plek waar die derde party woon.

(2) *(a)* Die Fonds of ‘n agent kan te eniger tyd nadat ‘n eis vir skadevergoeding verwys na in artikel 17(1) van die Wet ontvang is, van die betrokke derde party vereis om hom of haar te onderwerp aan ondervraging deur die Fonds of die agent by ‘n plek deur die Fonds of die agent aangedui of om ‘n geswore verklaring af te lê oor die omstandighede van die betrokke voorval of enige aspek daarvan.

(b) In die geval waar die Fonds of 'n agent van die derde party vereis om hom/haarself te onderwerp aan ondervraging of om 'n geswore verklaring te maak, of beide, ingevolge paragraaf *(a)*, is geen eis afdwingbaar by wyse van hofverrigtinge ingestel deur 'n dagvaarding beteken op die Fonds of die agent alvorens die derde party hom- of haarself onderwerp het aan ondervraging of 'n geswore verklaring gemaak het, of beide.

7 Vorms

(1) ‘n Eis vir skadevergoeding en gepaardgaande mediese verslag verwys na in artikel 24(1)*(a)* van die Wet moet wees in die vorm RAF 1 uiteengesit in Aanhangsel A tot hierdie Regulasies, of sodanige wysiging of vervanging daarvan as wat die Fonds van tyd tot tyd in die *Staatskoerant* kennis van mag gee.

DRAFT

(2) ‘n Eis deur ‘n verskaffer verwys na in artikel 24(3) van die Wet moet wees in die vorm RAF 2 uiteengesit in Aanhangsel B tot hierdie Regulasies, of sodanige wysiging of vervanging daarvan as wat die Fonds van tyd tot tyd in die *Staatskoerant* kennis van mag gee.

(3) Die besonderhede en verklarings verwys na in artikel 22(1)*(a)* van die Wet moet aan die Fonds verskaf word in die vorm RAF 3 uiteengesit in Aanhangsel C tot hierdie Regulasies, of sodanige wysiging of vervanging daarvan as wat die Fonds van tyd tot tyd in die *Staatskoerant* kennis van mag gee.

8 Oorgangsreëling, en herroeping van regulasies

(1) Hierdie Regulasies is nie van toepassing nie op enige eis vir skadevergoeding kragtens artikel 17 van die Wet ten opsigte waarvan die eisoorsaak ontstaan het voor die datum waarop hierdie Regulasies in werking getree het, en enige sodanige eis moet gehanteer word asof hierdie Regulasies nie in werking getree het nie.

(2) Behoudens subregulasie (1) word die Regulasies gepromulgeer by wyse van Goewermentskennisgewing No. R. 609 van 25 April 1997 hierby herroep.

9 Inwerkingtreding

DRAFT

Hierdie Regulasies tree op 1 Augustus 2008 in werking.

DRAFT